‘N PASTORALE EVALUERING VAN DR. DANIEL AMEN SE BOEK, ‘*THE END OF MENTAL ILLNESS’*

Dinsdag 10 Junie 2025 – Zoom aanbieding

Prof Wentzel Coetzer

Dr. Daniel Amen is ’n bekende Christen psigiater wat spesialiseer op die gebied van brein skanderings en wat ook aan die hoof staan van die bekende Amen Klinieke in die VSA. In hierdie klinieke volg hulle ’n multidissiplinêre benadering waar daar gefokus word op die mens in totaliteit. In sy boek, *The end of mental illness,* beskryf Amen die volgende vier areas wat deel uitmaak van hul holistiese benadering: die biologiese, psigologiese, sosiale en geestelike (pastorale) dimensies. Hy beklemtoon dat die fokus in behandeling veel meer op *brein gesondheid* moet wees as op *geestesgesondheid*. Waar emosionele en gedrags-probleme in die verlede grootliks toegeskryf was aan psigologiese probleme, toon sy navorsing dat dit in talle gevalle eerder verband hou met die fisiologie van die brein. Volgens hom sal iemand met ’n gesonde brein dan ook ’n veel kleiner risiko hê om met tipiese geestesgesondheid probleme gediagnoseer te word soos byvoorbeeld abnormale vrees, angs, woede, geweld, depressie, ens. Omdat Amen ten nouste saamwerk met pastorale beraders het die resultate van sy werk belangrike implikasies ten opsigte van die pastoraat in die breë. In hierdie kursus gaan ons vervolgens fokus op ’n groot aantal praktiese gevalle waar daar fenomenale deurbrake was rakende geestessiektes waarvoor daar vantevore geen antwoorde voor was nie.

Kursus oop vir almal

Datum: Dinsdag 10 Junie 2025.

Tyd: 09.00 – 13.00

Akkreditering: 5x VBO punte – CPSC punte – 5x AFM PCD punte

Koste: R275 pp

Handboek te koop (opsioneel): R370 (R250 plus R120 vir koerier)

Navrae: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Volg die kursus op ’n later datum:

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ’n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

Om te bespreek vir die kursus: Klik op die volgende skakel:
https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSc6ZW0pXYWGKTvQE0P3bpcPzjOCNQozLuusxQsp1gNOILGBwg/viewform